PREEKNOTA

Datum: 22/05/2024

1. WAT IS DIE DOEL VAN DIE HEILIGE GEES?

INLEIDING:
LEER/HERINNER
LEI
STUUR

JOHANNES 14:26 (AFR33) – ... [26]MAAR DIE TROOSTER, DIE HEILIGE GEES, WAT DIE VADER IN MY NAAM SAL STUUR, HY SAL JULLE ALLES LEER EN SAL JULLE HERINNER AAN ALLES WAT EK VIR JULLE GESÊ HET.

2. LEER/HERINNER AAN ALLES WAT EK JULLE GESÊ HET.

JOHANNES 14:27a (AFR83) – [27]"VREDE LAAT EK VIR JULLE NA, MY VREDE GEE EK VIR JULLE. DIE VREDE WAT EK VIR JULLE GEE IS NIE DIE SOORT WAT DIE WÊRELD GEE NIE. …"

JOHANNES 16:12-14 (AFR83) – [12]"EK HET NOG BAIE DINGE OM VIR JULLE TE SÊ, MAAR JULLE SAL DIT NIE NOU KAN BEGRYP NIE. [13]WANNEER HY KOM DIE GEES VAN DIE WAARHEID, SAL HY JULLE IN DIE HELE WAARHEID LEI. [14]HY SAL MY VERHEERLIK, WANT WAT HY VAN MY ONTVANG, SAL HY AAN JULLE VERKONDIG."

WAT IS HIERDIE WAARHEID?

1 JOHANNES 2:27 (DB) – [27]WAT JULLE BETREF : JULLE HET IETS VAN JESUS GEKRY WAT JULLE LEWE TOTAAL VERANDER : SY GEES HET BY JULLE KOM BLY. SO HET HY JULLE IN SY SPESIALE SPAN VIR HIERDIE WÊRELD GESIT. HY WIL HÊ JULLE MOET SPESIALE DINGE VIR HOM DOEN. NIEMAND MOET JUL DUS ALLERHANDE DINGE KOM WYSMAAK OF PROBEER LEER NIE. DIE HEILIGE GEES IS JULLE ONDERWYSER EN GIDS IN ALLES WAT WAAR IS. JULLE KAN HOM MAAR GLO, WANT HY LIEG NIE. STEUR JULLE DAAROM AAN NIKS EN NIEMAND ANDERS NIE BEHALWE AAN DIE GEES EN WAT JULLE GELEER HET.

JOHANNES 16:14 (AFR83) – [14]"HY SAL MY VERHEERLIK, WANT WAT HY VAN MY ONTVANG SAL HY AAN JULLE VERKONDIG."

1 KORINTIËRS 2:1–5 (NLV) – [1]BROERS EN SUSTERS, TOE EK DESTYDS VIR DIE EERSTE KEER NA JULLE GEKOM HET, HET EK NIE 'N STORTVLOED WOORDE OF INDRUKWEKKENDE WYSHEID GEBRUIK OM AAN JULLE GOD SE GROOT GEHEIM, NAAMLIK DIE GOEIE NUUS, TE VERKONDIG NIE. [2]WANT EK HET BESLUIT OM AS EK BY JULLE IS NET OP CHRISTUS JESUS TE KONSENTREER EN VERAL OP SY KRUISDOOD. [3]EK HET NA JULLE GEKOM IN SWAKHEID – ANGSTIG EN VOL HUIWERING. [4]MY BOODSKAP EN MY PREDIKING WAS BITTER EENVOUDIG. EK HET JULLE NIE PROBEER OORREED DEUR GELEERDE WELSPREKENHEID NIE, MAAR DEUR DIE HEILIGE GEES WAT KRAGTIG ONDER JULLE GEWERK HET. [5]DIT HET EK GEDOEN SODAT JULLE GELOOF NIE SOU BERUS OP MENSLIKE GELEERDHEID NIE, MAAR OP DIE KRAG VAN GOD.

WAT PROBEER PAULUS AAN DIE KORINTIËRS TUISBRING?

3. DIE HEILIGE GEES LEI ONS OOK.

1 JOHANNES 3:1 (AFR33) – [1]GELIEFDES GLO NIE ELKE GEES NIE, MAAR STEL DIE GEESTE OP DIE PROEF OF HULLE UIT GOD IS, WANT BAIE VALSE PROFETE HET IN DIE WÊRELD UITGEGAAN.

HOE WEET EK DIE HEILIGE GEES LEI MY?

SPREUKE 15:22 (AFR33) – [22]PLANNE MISLUK SONDER BERAADSLAGING, MAAR DEUR DIE VEELHEID VAN RAADGEWERS KOM DIT TOT STAND.

HANDELINGE 1:8 (NLV) – [8]"MAAR WANNEER DIE HEILIGE GEES OOR JULLE KOM, SAL JULLE KRAG ONTVANG EN ORAL MENSE EERSTEHANDS VAN MY VERTEL – JERUSALEM, OOR DIE HELE JUDEA, IN SAMARIA EN TOT AAN DIE UITHOEKE VAN DIE AARDE."

4. DIE HEILIGE GEES STUUR OOK.

JOHANNES 20:21 (AFR33) – JESUS SÊ TOE WEER VIR HULLE : VREDE VIR JULLE! SOOS DIE VADER MY GESTUUR HET, STUUR EK JULLE OOK.

JESAJA 6:8 (AFR33) – [8]DAAROP HOOR EK DIE STEM VAN DIE HERE WAT SÊ: WIE SAL EK STUUR? EN WIE SAL VIR ONS GAAN? TOE ANTWOORD EK : HIER IS EK, STUUR MY.

LAAT JY TOE DAT DIE HEILIGE GEES SY DOEL DEUR JOU BEREIK?

Hoek van Ravel- en Abrahamstrate
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655